# GIBEONIETE EN ISRAEL

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: 2 Samuel 21:1 – 14**

**2 Samuel 21:1 En toe daar in die dae van Dawid 'n hongersnood was, drie jaar lank, jaar ná jaar, het Dawid die aangesig van die HERE gesoek; en die HERE het gesê: Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop bloedskuld rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het.**

**2 Sam 21:2 Toe roep die koning die Gibeoniete en sê vir hulle—die Gibeoniete het naamlik nie behoort tot die kinders van Israel nie, maar by 'n oorblyfsel van die Amoriete; en hoewel die kinders van Israel vir hulle gesweer het, het Saul probeer om hulle om te bring in sy ywer vir die kinders van Israel en Juda—**

**2 Sam 21:3 Dawid dan het aan die Gibeoniete gesê: Wat moet ek vir julle doen, en waarmee moet ek versoening doen, dat julle die erfdeel van die HERE kan seën?**

**2 Sam 21:4 Daarop sê die Gibeoniete vir hom: Dit is ons teenoor Saul en sy huis nie te doen om silwer en goud nie, en dit gaan vir ons nie daarom om iemand in Israel dood te maak nie. En hy vra: Wat dink julle dan moet ek vir julle doen?**

**2 Sam 21:5 En hulle sê vir die koning: Die man wat ons vernietig het en planne teen ons beraam het om ons te verdelg sonder dat ons in enige grondgebied van Israel kan voortbestaan—**

**2 Sam 21:6 laat sewe manne van sy seuns aan ons gegee word, dat ons hulle voor die HERE kan ophang in Gíbea van Saul, die uitverkorene van die HERE! En die koning het gesê: Ek sal hulle gee.**

**2 Sam 21:7 Maar die koning het Mefibóset, die seun van Jónatan, die seun van Saul, verskoon vanweë die eed by die HERE wat tussen hulle was, tussen Dawid en Jónatan, die seun van Saul.**

**2 Sam 21:8 Toe neem die koning die twee seuns van Rispa, die dogter van Aja, wat sy vir Saul gebaar het, Armóni en Mefibóset, en die vyf seuns van Merab, die dogter van Saul, wat sy vir Adriël, die seun van Barsíllai, die Meholatiet, gebaar het;**

**2 Sam 21:9 en hy het hulle oorgegee in die hand van die Gibeoniete, wat hulle opgehang het op die berg voor die aangesig van die HERE, sodat al sewe tesame omgekom het; en hulle is gedood in die eerste dae van die oes, in die begin van die gars-oes.**

**2 Sam 21:10 En Rispa, die dogter van Aja, het 'n sak geneem en dit vir haar oopgespan op die rots, van die begin van die oes af totdat daar water uit die hemel op hulle gegiet het, en sy het die voëls van die hemel oordag nie toegelaat om op hulle te gaan sit nie, en ook nie die diere van die veld in die nag nie.**

**2 Sam 21:11 Toe aan Dawid meegedeel is wat Rispa, die dogter van Aja, die byvrou van Saul, gedoen het,**

**2 Sam 21:12 het Dawid gegaan en die bene van Saul en die bene van sy seun Jónatan van die burgers van Jabes in Gílead gaan haal, wat dit van die plein van Bet-San gesteel het, waar die Filistyne hulle opgehang het op die dag toe die Filistyne Saul op Gilbóa verslaan het.**

**2 Sam 21:13 En hy het die bene van Saul en die bene van sy seun Jónatan daarvandaan weggebring. Hulle het ook die bene van die wat opgehang is, versamel,**

**2 Sam 21:14 en die bene van Saul en van sy seun Jónatan in die land Benjamin, in Sela, in die graf van sy vader Kis begrawe; en hulle het alles gedoen volgens die bevel van die koning. En daarna het God Hom oor die land ontferm.**

-o0o-

Ek wil julle almal ryklik seën in die naam van onse Here Jesus Christus en julle graag met ‘n gedeelte uit die woord van God uit bedien, wat een van die gedeeltes is wat mens lekker in ‘n Bybelstudie groep kan bespreek. Soms tree God op, in snaakse maniere in die Woord. Dit is hoekom ek op baie geleenthede sal sê, ons dien ‘n baie snaakse God. Ons kan Hom nie altyd verstaan nie, ons kan nie altyd Sy werke verstaan nie, ons kan nie altyd die besluitnemings verstaan nie. Ons kan nie verstaan hoekom Hy seker dinge doen op sekere tye en op ander tye doen Hy die ander dinge nie. Een van hierdie gedeeltes waaroor ek dae lank bepeins en oordink het, het ek raak gelees in 2 Samuel 21.

## Die Leuen

Josua en die volk kry die opdrag om Kanaän in te gaan en al die inwoners te verslaan. Jerigo eerste, omdat Jerigo die eerstelingoffer was wat die Israeliete moes bring, sodat God die vloek op die land kon breek en dat God die res van die land vir hulle kon seën.

Eendag sit hulle so en daar daag mense op met ou vuil geskeurde klere, ou brood en vertel vir Josua hulle kom uit ‘n baie ver land en wil kom vrede maak met Israel. Die Gibeoniete het egter met ‘n leuen na Josua-hulle gekom en hulle eintlik om die bos gelei, nadat God gesê het maak almal dood. Josua en die volk gaan met hulle ‘n verbond aan en sweer vir hulle by die Here dat hulle hul nie sal dood maak nie. Gevolglik het die eed daar bly staan, want dit was ‘n eed waar God in geroep is as getuie, wat beteken God is getuie van dit wat hulle daar belowe het.

Dit is wat ‘n eed eintlik beteken - jy roep God in as getuie en daar waar God is, kan net waarheid seevier. Josua was toe vir hulle baie kwaad en hulle as werkers tussen die volk Israel aangestel, maar met die belofte dat hy hulle nie sal dood maak nie.

## Hongersnood

En nou sien ons hier in 2 Samuel baie jare daarna, ‘n ander ding:

**2 Sam 21:1 En toe daar in die dae van Dawid ‘n hongersnood was, drie jaar lank, jaar ná jaar, het Dawid die aangesig van die HERE gesoek; en die HERE het gesê: Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop bloedskuld rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het.**

Onthou nou, die hele storie is ‘n bedrogspul, maar God is deur Josua ingeroep as ‘n getuie dat die Israeliete nie die Gibeoniete sou ombring nie. As God in geroep word as getuie, dan staan daardie getuie vas, want God is lewend.

Hier kom Saul intussentyd en Saul dink weer dat hy die Here ‘n guns gaan doen deur die Gibeoniete om te ombring. Maar nou is dit vir my baie snaaks dat hierdie straf, hierdie toorn van God ontvlam nie tydens die tyd van Saul nie. Saul het nie in sy regeringskap die straf gedra nie, maar dit tref arme Dawid jare daarna, eintlik aan die einde van sy tyd as ons die Bybel reg lees, want nie lank daarna nie het Dawid gesterf.

Nou is daar skielik hongersnood in Israel en Dawid gaan soek die aangesig van die Here en die Here sê vir hom: “Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop bloedskuld rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het.”

Saul het op sy huis bloedskuld gebring, nie op Israel nie, mense ons moet dit onthou. As gevolg van die bloedskuld wat op Saul is, op sy huis is, affekteer dit af onder toe en daar kom hongersnood in die land. Sien julle hoe brei die ding uit en dit is wat vir my so interesant is oor hierdie hele aangeleentheid, want mens kan dit sit en bespreek tot watter tyd toe.

-o0o-

2 Sam 21:2 Toe roep die koning die Gibeoniete en sê vir hulle—die Gibeoniete het naamlik nie behoort tot die kinders van Israel nie, maar by 'n oorblyfsel van die Amoriete; en hoewel die kinders van Israel vir hulle gesweer het, het Saul probeer om hulle om te bring in sy ywer vir die kinders van Israel en Juda—

Saul dink toe hy doen vir Israel en Juda 'n baie groot guns deur die Gibeoniete om te bring, in die tussen tyd bring hy 'n verskriklike binding oor sy eie huis, maar ook het sy huis weer 'n binding gebring oor die hele Israel en daar is nou hongersnood in Israel.

## Soek die seën van die Here

2 Sam 21:3 Dawid dan het aan die Gibeoniete gesê: Wat moet ek vir julle doen, en waarmee moet ek versoening doen, dat julle die erfdeel van die HERE kan seën?

Dawid sê nie dat ek die erfdeel van die Here kan seën nie. Die wat in die land is of dit nou wettig is of onwettig is, het net so 'n groot seën wat hulle kan inspreek in jou daaglikse lewe. Hier het ek iets baie besonders geleer. Jou werkers kan jou grondgebied vervloek of jou werkers kan gelukkig wees en vrolik saam met jou werk en jou grondgebied elke dag seën.

Dawid het geweet iewers skort daar iets oor die erfdeel en dit is die seën van die Gibeoniete oor Israel se grondgebied. Alhoewel hulle eintlik onwettig was in die sin van die woord, was daar 'n vredesverbond met hulle gesluit en God is geroep as getuie. Dit is die groot hoofsaak in hierdie hele ooreenkoms, God is geroep as getuie vir vrede tussen Gibeon en Israel en as gevolg van dít, het hulle die wettige reg gehad om daar te bly, nie om land te besit nie. As hulle daar kan bly al is hulle nie eienaars nie, dan kan hulle ook 'n seën uitspreek of hulle kan 'n vloek word vir daardie land.

**Les**: Ons moet ons mense leer om ons te seën.

## Die Weerwraak

2 Sam 21:4 Daarop sê die Gibeoniete vir hom: Dit is ons teenoor Saul en sy huis nie te doen om silwer en goud nie, en dit gaan vir ons nie daarom om iemand in Israel dood te maak nie. En hy vra: Wat dink julle dan moet ek vir julle doen?

2 Sam 21:5 En hulle sê vir die koning: Die man wat ons vernietig het en planne teen ons beraam het om ons te verdelg sonder dat ons in enige grondgebied van Israel kan voortbestaan—

2 Sam 21:6 laat sewe manne van sy seuns aan ons gegee word, dat ons hulle voor die HERE kan ophang in Gíbea van Saul, die uitverkorene van die HERE! En die koning het gesê: Ek sal hulle gee.

2 Sam 21:7 Maar die koning het Mefibóset, die seun van Jónatan, die seun van Saul, verskoon vanweë die eed by die HERE wat tussen hulle was, tussen Dawid en Jónatan, die seun van Saul.

2 Sam 21:8 Toe neem die koning die twee seuns van Rispa, die dogter van Aja, wat sy vir Saul gebaar het, Armóni en Mefibóset, en die vyf seuns van Merab, die dogter van Saul, wat sy vir Adriël, die seun van Barsíllai, die Meholatiet, gebaar het;

2 Sam 21:9 en hy het hulle oorgegee in die hand van die Gibeoniete, wat hulle opgehang het op die berg voor die aangesig van die HERE, sodat al sewe tesame omgekom het; en hulle is gedood in die eerste dae van die oes, in die begin van die gars-oes.

Nou gee Dawid hierdie sewe manne oor, eintlik almal kleinseuns van Saul. Mens sal nou dink hoekom het God dit laat doen? Dit is maar een van die vrae en tòg sê hulle Saul is die uitverkorene van die Here. Die Gibeoniete sê so en dit is 'n erkentenis, nogtans gee God hierdie sewe kleinseuns van Saul oor in die hande van die Gibeoniete om hulle te vernietig.

-o0o-

Nou kan mens hierdie ding baie ver uit rek met vrae soos:

- Hoekom het dit gebeur?
- Het dit gebeur omdat Saul buitekant die wil van God gegaan het?
- Het dit gebeur omdat Saul God verlaat het of het God Saul verlaat?
- Het dit gebeur omdat Saul se bloedlyn vervloek was?
- Wat is die rede hoekom al hierdie dinge gebeur het?
- Hoekom moes dit só gebeur het?
- Hoekom moes sewe seuns gegee geword het, want sewe is die volmaakte getal?
- Het God ‘n welbehae aan bloedoffers, tog nie. God is nie ‘n bloeddorstige gees nie.
- Is dit ‘n rede dat God regverdigheid handhaaf?
- Is dit dat God Sy naam eer, ‘n eed aan Hom eer?
- Hoekom sal God eintlik die onregverdige beskerm en Sy uitverkorene kies, wat in daardie tyd uitverkone was? Onthou Saul was op die ou einde van die dag nie meer Sy uitverkorene nie as gevolg van die dinge wat Saul gedoen het.

So die vrae is eintlik eindeloos, maar die feit bly die Bybel sê daardie sewe seuns is oorgegee aan die Gibeoniete en hulle is toe opgehang. Maar die vloek was nie gebreek nie.

## Die Herstel

2 Sam 21:10  En Rispa, die dogter van Aja, het ‘n sak geneem en dit vir haar oopgespan op die rots, van die begin van die oes af totdat daar water uit die hemel op hulle gegiet het, en sy het die voëls van die hemel oordag nie toegelaat om op hulle te gaan sit nie, en ook nie die diere van die veld in die nag nie.

Rispa het vir ‘n baie lank tyd gewaak oor daardie sewe liggaame van die seuns wat daar gehang het, niemand het hulle begrawe nie. Hoe oud hulle was sal ons nou nie weet nie, maar hul moes redelik groot manne gewees het want Saul was ouer as Dawid.

2 Sam 21:11  Toe aan Dawid meegedeel is wat Rispa, die dogter van Aja, die byvrou van Saul, gedoen het,

2 Sam 21:12  het Dawid gegaan en die bene van Saul en die bene van sy seun Jónatan van die burgers van Jabes in Gílead gaan haal, wat dit van die plein van Bet-San gesteel het, waar die Filistyne hulle opgehang het op die dag toe die Filistyne Saul op Gilbóa verslaan het.

Daardie bene van Saul en Jónatan het alle jare nog daar bly hang, dit is nooit afgehaal nie!

2 Sam 21:13  En hy het die bene van Saul en die bene van sy seun Jónatan daarvandaan weggebring. Hulle het ook die bene van die wat opgehang is, versamel,

So hy het nou al die bene van Saul, Jónatan en die sewe seuns gaan haal - hulle het al heeltemal verrot sodat hulle net al bene gewees het.

2 Sam 21:14  en die bene van Saul en van sy seun Jónatan in die land Benjamin, in Sela, in die graf van sy vader Kis begrawe; en hulle het alles gedoen volgens die bevel van die koning. En daarna het God Hom oor die land ontferm.

Terwyl die bene daar gehang het, was daar nogsteeds ‘n ding wat bindend was, wat gemaak het dat God nie kon seën nie - dat God die land nie kon vergewe of die bloedlyn van Saul nie kon vergewe nie. En toe Dawid nou almal klaar begrawe het, almal in grafte ingesit het, sê die Bybel vir ons: “*En daarna het God Hom oor die land ontferm.”*

-o0o-

## God skep 'n oplossing

Wat 'n fantastiese gedeelte om mee te sit en te mediteer, want ek dink uit hierdie hele gedeelte is daar soveel lesse wat 'n mens kan leer. Julle wat in Bybelstudie groepe deelneem, wil ek julle aanraai vat hierdie gedeelte stukkie vir stukkie en begin dit deur te werk. In hierdie hele gedeelte is daar soveel vrae. Ek sit al vir dae lank en peins daaroor. Vir my is daar soveel vrae en ek glo hierdie stukkie gaan julle ook baie lank besig hou, want dit doen met my.

Een van die mooi dinge wat ek gesien het uit hierdie hele verhaal, is hoe lank hierdie hele ooreenkoms bestaan het, hoe God Sy naam geëer het en dat God nie enige iemand kies om 'n oplossing te bring nie. Na al hierdie dinge waar die Gibeoniete vir Josua verneuk vir jare, teen die einde van Dawid se tyd, bring die Here hongersnood oor die land. Baie keer vra mens, maar Here hoekom bring U hongersnood? Hoekom bring U droogte? Daaom sê ek altyd: Gaan vra vir die Here wat is die situasie, want daar kan miskien iets wees wat nie reg is nie.

Dit is hoekom Dawid gevra het *Here hoekom het ons skielik drie jaar droogte* en hier haal God eintlik die ou kooie uit die sloot en die Here vat hom terug na jare gelede se gebeure, want Hy het geweet Dawid is 'n regverdige man. Dawid sal hierdie hele proses herstel. As hierdie dinge nie gebeur het nie, het Saul en Jónatan se bene seker vandag nog daar gehang.

God wou nie 'n bespotting van Sy volk maak nie, al was Saul nie regverdig nie. God wou nog steeds nie daardie binding oor Sy volk bring nie, Hy wou SY volk verlos het van dit. Die Bybel stel dit baie duidelik; Saul het 'n bloedskuld op sy huis gebring en sy huis het weer 'n binding op Israel gebring en net die Here kon dit op so 'n manier aan Dawid openbaar, sodat Dawid die herstel kon bring.

Dit is vir my altyd wonderlik as mens deur die tyd en deur al die dinge gaan wat God jou wil leer en dan op die einde van die dag sê die woord: *"En God het Hom ontferm oor die land".*

Die gehoorsaamheid van die mense is altyd die mooiste. Al moet ons soms 'n pad loop wat nie lekker of gemaklik is nie, maar dan moet ons nie in sak en as gaan sit nie. Vra maar die Here hoekom? Wat wil U vir ons uit hierdie situasie leer? Dan sal die Here vir jou wys. Daar is miskien vandag iets in jou lewe wat nie so lekker inpas in jou verhouding met die Here nie.

Vat maar hierdie gedeelte en doen wat Dawid gedoen het. Gaan sit voor die Here en sê vir die Here iewers is daar iets nie reg nie, ontferm U oor ons, leer vir ons en wys vir ons. Daar sal struikelblokke wees as satan nog 'n houvas het in ons lewe, ons bloedlyne en ons families, al is dit jare terug al gedoen. *Here kom ons maak maar hierdie dinge reg*.

Ek hoop ek het julle geseën met hierdie gedeelte.

Mag die Here julle ryklik seën.

Mag die Here elke oor seën wat hoor wat die Gees van die Here aan die gemeente sê.

-o0o-

## Gibeonites

In the days of Joshua – more than **400 years** before David's time – Israel swore not to harm the Gibeonites, a neighboring tribe (Joshua 9). God expected Israel to keep its promise, even though the Gibeonites tricked Israel into making the agreement. Saul's crime was not only in killing the Gibeonites but also in breaking this ancient and important oath.

-o0o-

The treaty was concluded at the time of the Israelite conquest of Canaan, presumably around the middle of the 13th century BC

Without consulting God (Joshua 9:14), the Israelites entered into a covenant or peace treaty with the Gibeonites. The Israelites soon found out that the Gibeonites were actually their neighbors—living within three days' walk of them (Joshua 9:17)—and Joshua realised that he had been deceived.

**Gibeonites** are the people of Gibeon who descended from Hivites and Amorites. Hivites are the descendants from one of Ham's sons, Canaan and one of those that occupied the Promised Land before the arrival of Israelites. They are found on the Bible Timeline around 2300 BC.
God ordered the Israelites to avoid making any covenants with the Gibeonites and to expel them from the land. But after putting on worn out clothing, the Gibeonites were able to make the Israelites, headed by Joshua, believe that they were people from a far away place. They were able to persuade the Israelites to make a covenant and allowed the Gibeonites to live with them. Wikipedia

**What happened to the Gibeonites after Joshua?**

He kept the letter of his covenant with the Gibeonites, however, to let them live in exchange for their servitude: they were assigned as woodcutters and water carriers and condemned (or cursed) to work forever in these trades (Joshua 9:3-27)

-o0o-